# LOUIS TRICHARDT SE LAASTE RUSPLEK

Die ontstemmende berig het ons bereik dat die Portugese owerheid in Lourenco Marques nou daartoe oorgegaan het om die grond waar Louis Trichardt se graf lê, plat te stryk, en dat die terrein in die vorm van boupersele aangebied gaan word. Dis natuurlik 'n moontlikheid wat lankal gedreig het, maar omrede van die stemme van protes wat in die Unie opgegaan het, en ook van die vriendelike versoeke wat nie-amptelik van hierdie sy van die Lebombos uitgespreek is, het ons in die Unie tot dusver gehoop dat dit nie sover sou kom nie.

Nou sou 'n mens, selfs op hierdie late stadium, verdere en dringender vertoë kon rig, maar dit sou aan die kant van ons oostelike buurgebied 'n pieteit veronderstel teenoor ons gevoel waarvan die Portugese van Mosambiek tot sover min blyke gegee het. Afgesien daarvan is daar 'n ander baie belangrike oorweging. Trichardt se laaste rusplek daar in die vreemde, of dit simpatieke of onsimpatieke, begrypende of niebegrypende gebied is, sal altyd afdoen aan die plek wat Trichardt in ons geskiedenis en in die hart van ons volk behoort in te neem. Meer en meer kom alle elemente in Suid-Afrika vandag tot die insig dat die Voortrek die vernaamste pilaar is waarop ons volkstruktuur gegrondves staan. Dit was die een groot gebeurtenis wat onveranderlike rigting gegee het aan die gang van ons groei, vandag en in die toekoms. Dit was ook die groot toets van die Afrikaner-ras, die bewys van sy reg en vermoë om te bestaan.

Sonder Trichardt is die beeld van die Trek onvolmaak. Hy het dit in die eerste plaas gelei. Hy en sy dappere bende het hulself voorgegooi in die gaping van die onbekende. Hul lot sou in ieder geval 'n mate van aanduiding moes gee aan dié wat hulle gevolg het. Hulle het hiertoe die hoogste prys betaal.

Die beeld van die Voortrek sou dus sonder die Trichardt-afdeling

(Vervolg van vorige kolom)

nie alleen onvolmaak wees nie. Dit sou 'n allerbelangrikste deel daarvan uitveeg. En die Afrikaanse nageslag — meer, die Suid-Afrikaanse volk se hulde aan die helde van die Voortrek sou veel mis as ons in die toekoms altyd moet weet dat Trichardt se beendere in vreemde gebied rus, op 'n plek waar ons nie meer weet waar dit is nie, waar die wêreld se bedrywighede onbewus van die bestaan daarvan sou heengly oor die stof van 'n groot man en 'n held, oor 'n belangrike skakel in die geskiedenis van die Afrikaner.

Met hierdie oorwegings dan dink ons nie dat daar verdere vertoë tot die Portugese owerheid gerig behoort te word nie, selfs al sou hulle bereid wees om die oor daartoe te leen. Trichardt se beendere moet terugkom na die land wat hy met sy dood gehelp het om te kry. Hy moet sy laaste rusplek vind onder diegene wat weet wat sy onderneming beteken het vir 'n volk wat later daarop gegrondves is, en waar sy nagedagtenis die hulde sal vind wat dit verdien.

Enige maande gelede het ons 'n beroep gedoen op die Voortrekker-monumentekomitee om een van die panele in die groot monument te wy aan Karel Trichardt se ontdekking van die Zambesi-waterval. Ons vertrou nog dat dit sal geskied. As ons nog 'n beskeie wenk aan die hand mag doen, dan sal dit wees dat die beendere van Louis Trichardt, die Voortrekker-leier, opgegrawe word in Lourenco Marques, waar dit tydelik gerus het, en dat dit herbegrawe word in 'n nis in die aanstaande Monument vir die Voortrek. Ons kan geen enkele beswaar daarteen sien nie, in ieder geval nie indien Trichardt se besondere plek in die Trek-geskiedenis in gedagte gehou word nie. As dit daarop aankom, bestaan daar ook geen rede waarom nie ook ander groot Trekker-leiers in daardie heiligdom van die volk 'n rusplekkie moet vind nie.

Slegs in die geval van Trichardt egter is dit vandag dringend. Bes moontlik sal ons oor enige maande nie meer weet waar die graf was nie. Dit mag selfs gebeur dat met bou-ondernemings op daardie terrein die stoflike voorskot van die Voortrekker versteur sal word en dat dit sal verdwyn. 'n Volk wat die geskiedenis van die Voortrek so naarstiglik in ere hou, en wat sy helde met onverganklike hulde wil omkleed, mag dit nie toelaat nie.